# DIE ETIEK VAN GETUIGSKRIFTE

*Dr. J. H. v. Wyk (Stellenbosch)*

*Inleidende opmerkinge*

Wie hom nader besin oor die etiek van getuigskrifte, ontdek onmiddellik dat nagenoeg die hele besinning wentel rondom die waarheidsvraag, m.a.w. oor 'n verklaring van die Negende Gebod. Daarom sal ons vir die grootste deel van hierdie voordrag ook daarmee besig wees.

Dit neem egter nie weg nie dat daar ook enkele ander aspekte is waarop ons ten aanvang die aandag vestig:

1. *Die doel van getuigskrifte*

In hierdie verband moet tweërlei doel onderskei word: In die eerste instansie wil die werkgewer die relevante informasie van die aansoeker ontvang. Dit raak sake soos persoonlikheid, toegerustheid, bekwaamheid, vaardigheid, integriteit.

Dit is begryplik dat die werkgewer sal wil seker maak dat sy aanstelling (of toekenning) verantwoord sal wees. Dit raak immers sake soos funksionaliteit, finansies en prestige.

Tweedens is dit ook die begeerte van die applikant dat die deponent 'n aanbevelenswaardige en verantwoorde getuigskrif sal verskaf sodat sy aansoek sal slaag.

Hierdie twee doeleindes van 'n getuigskrif moet in 'n suiwere relasie tot mekaar staan. Die soeke van die werkgewer na betroubare informasie en die wens van die aansoeker om te slaag is twee komponente wat nie vanmekaar geskei mag word nie. Dit sou nie oordrewe wees nie om te beweer dat daar by verklaarders meesal 'n natuurlike neiging bestaan om die aansoeker bo die werkgewer te bevoordeel. Dit hang saam met die feit dat hy die aansoeker gewoonlik persoonlik goed ken en graag sal wil sien dat hy goeie vordering maak, terwyl die werkgewer meesal 'n onbekende en veraf entiteit is. Teen hierdie foutiewe neiging moet steeds gewaak word. Dit is 'n aantasting van die getuigskrif-moraal.

2. *Die metodiek i.v.m. getuigskrifte*

Hier wys ek ook graag op twee sake [1a].

Die eerste is dat die staande praktyk in hoofsaak daarop neerkom dat van 'n *briefvorm* gebruik gemaak word. Dit het die voordeel dat maklik fotostatiese afdrukke gemaak kan word vir meervoudige gebruik.

'n Ander metode wat egter deesdae na vore kom, is die *gespreksvorm* i.p.v. geskrewe brief. Werkgewers versoek dat in plaas daarvan dat 'n getuigskrif ingehandig word, eerder die name van referente verskaf word met wie 'n persoonlike gesprek gevoer kan word. Dit hou die voordeel in dat meer relevante sake ter sprake kan kom en tot 'n meer gebalanseerde konklusie geraak kan word. Die praktiese nadeel is dat in geval van veelvuldige aansoeke by

verskillende werkgewers, die getuie oorlaai word met persoonlike gesprekke.

'n Ander aspek wat ek graag hier wil noem, is die feit dat die getuigskrifte in die meeste gevalle direk aan die aansoeker oorhandig word vir inhandiging by die werkgewer. Daardeur kan maklik die vertroulike karakter van die getuigskrif geskaad word — al moet ook onmiddellik bygevoeg word dat die getuie nie moet skaam of verskonend wees oor dinge wat hy in 'n getuigskrif geskryf het nie. Ter wille van objektiwiteit en waarheidsgetrouheid verdien dit sterk aanbeveling dat die getuie self die getuigskrif direk aan die werkgewer stuur, al sou dit ook vir hom meer werk beteken (duplisering) in geval van meervuldige aansoeke.

### 3. *Die inhoud van getuigskrifte*

Hier stuit ons voor werklik ingrypende vraagstukke. Ek noem hier twee probleme, die eerste waarvan die kleinste.

Ons kry hier te doen met die probleem van *onbekendheid:* die aansoeker kom vra 'n getuigskrif maar die getuie ken hom eenvoudig nie goed genoeg nie. Wat moet hy dan doen? Moet hy maar maak of hy die applikant ken en 'n goeie getuigskrif gee of moet hy verval in algemeenhede en vaaghede — of moet hy weier?

Dit herinner aan die grap van die predikant wat ook so 'n aansoek van 'n onbekende lidmaat ontvang het. Hy het gaan sit en die pragtigste getuigskrif geskryf. Daarna het hy die jongman na sy studeerkamer geroep, die getuigskrif aan hom voorgelees en gevra: „Is dit jy?" waarop die jongman geantwoord het: „Nee, dominee!" En waarop die dominee weer antwoord: „Neem dit en wees dan so!"

Wat predikante betref, kan verwag word dat hulle die lidmate sodanig behoort te ken, dat hulle sonder moeite van hulle kan getuig. Dit is waar dat dit in groot en vinnig-wisselende en studentegemeentes soms moeilik is, maar tog behoort hulle, as herders van die kudde van Christus, die lidmate goed te ken. Dit plaas 'n besondere aksent op 'n lewende pastoraat.

'n Tweede en diep ingrypende probleem raak dié i.v.m. *onwaarheid.* Wat alles is relevant in 'n getuigskrif? Moet net al die mooi en goeie en bekwame eienskappe van 'n aansoeker vermeld word of ook sy swak karaktertrekke en optredes, ja al sy mankemente? As iemand pas uit die tronk vrygelaat is en opnuut aansoek doen vir werk, moet dit in 'n getuigskrif vermeld word? As 'n bekwame en knap jongman aansoek doen vir 'n onderwyspos aan 'n meisieskool, maar hy is 'n seksmaniak, wat staan die getuie te doen?

Wanneer vertel hy die waarheid en wanneer dien hy die leuen?

Mag 'n predikant in sy persoonlike hoedanigheid 'n slegte getuigskrif gee terwyl die kerkraad 'n maand later 'n goeie getuigskrif (attestasie) t.o.v. leer en lewe afgee?! Ek stel ook hier terloops die vraag of kerkattestasies nie veel meer genuanseerd behoort te wees nie.

Wat is waarheid en wanneer praat en skryf en dien ons die waarheid?

*Wat is waarheid?*

Daar is al heelwat besin oor die vraag na waarheid en leuen rondom die sterfbed [1], veel meer, sover ek weet, as oor waarheid en leuen rondom getuigskrifte. Oor „wat is waarheid?" is daar natuurlik heelwat geskryf en besin, ook onlangs nog. Ek wys slegs op die volgende skrywers. Bonnhoeffer [2], Bultmann [3], Holwerda[4], Volten [5], Velema [6], Heyns [7] en Durand [8].

Die nagenoeg eenstemmige bevinding is dat ons as Christene sterk onder die invloed verkeer van die Griekse waarheidsbegrip (ooreenstemming tussen denke en syn), ook by Augustinus te vind, en veel minder onder invloed van die Bybelse waarheidsbegrip met sy grondbetekenis van betroubaarheid, waaragtigheid, staatmaak en vastigheid *(aletheia, emet)*. Volgens die Griekse denke is dit dus 'n leuen om te sê: die son kom op, of: die land kom nader (aan die skip) (Hand. 27 : 27)).

Laat ons 'n paar van die skrywers op die voet volg.

Groot invloed het m.i. deesdae in Suid-Afrika die boeiende preek van Holwerda oor die Negende Gebod (Sondag 43) in sy aktuele preekbundel oor die Heidelbergse Kategismus, *De Dingen die ons van God geschonken zijn* [9]. Hy vestig hierin skerp die aandag daarop dat hierdie gebod die welsyn van die *naaste* bevorder. Wie dus in 'n gesprek ou koeie uit die sloot grawe en lelike gebeurtenisse van sy naaste oorvertel, mag oordeel dat hy die „waarheid" praat, maar hy doen die teenoorgestelde [10]. Vandaar dat hy beweer: „Wie zegt: Het negende gebod wil, dat je altijd, in alle omstandigheden, precies de waarheid zegt, je mag nooit liegen, die heeft de letter losgemaakt van de zin. En die heeft daarmee het negende gebod losgelaten" [11]. Die groot vraag is vir hom nie „of we de feiten niet tekort doen, maar of we de naaste niet tekort doen" [12]. Desnoods mag dus 'n onjuiste verklaring gedoen word. „Als het moet, offer ik de feiten op aan de naaste" [13]. Hy wys dan verder op Bybelse voorbeelde in hierdie verband [14] en waarsku daarteen dat hy nie misverstaan moet word nie.

Volten sluit hierby aan in sy verklaring van die Negende Gebod [15]. Hy bestig ook die aandag op die talle Bybelse voorbeelde van leuens en oordeel dat die Negende Gebod hier op 'n besondere wyse toegepas word en dat die Skrif hier ons oë open vir 'n aspek van die toepassing van hierdie gebod in die praktiese situasie [16]. Hy wys ook daarop hoedat by talle gebooie buitengewone situasies ontstaan wat 'n unieke aanpak verg. Die sedelike norme word dan nie buite werking gestel nie „maar ze worden gehanteerd op een eigen, door God, in een zondige situatie, geboden wijze". — „Er moet wel eens „gelogen" worden om de leugen te vernietigen" [17]. Volgens hom eis die Negende Gebod drieërlei trou: aan onsself, aan God en aan die naaste. Dit is dus geen noodleuen om in oorlogstyd aan die vyand te sê dat jou seun nie tuis is nie terwyl jy hom in die kelder weggesteek het, veeleer is dit 'n noodwaarheid" [18].

Velema lewer kritiek op hierdie standpunt van Volten [19]. Ongetwyfeld het hy ook beswaar teen 'n formulering van die waarheid, maar hy oordeel dat ons by Volten met 'n eksistensialisering van

die waarheid te doen het. Hierteenoor kies hy die driehoeksdenke as model ter verheldering: „De waarheid is altijd waarheid voor een bepaald mens in konkrete situatie" [20]. Hy oordeel dat daar in die gebroke lewe noodsituasies met botsende pligte ontstaan — ons sien dit reeds in die Bybel! — waar eerder vír die welsyn van die naaste as vir die spreek van die waarheid gekies moet word [21].

Nader tuis het Heyns ook ons aandag hierop gevestig. Hy sê: „Vir die Bybel is 'n waarheidsuitspraak nie identies met 'n werklikheidsuitspraak nie, waarheid is nog nie waarheid in die blote konstatering van feite nie maar is waarheid eers wanneer die mens hom daarop kan verlaat, *wanneer die werklikheidsuitspraak ook 'n bestemmingsuitspraak insluit"* [22]. „Nooit gaan dit nét om die blote mededeling van korrekte feite nie, maar dit gaan ook om die vraag na die besondere verband waarbinne en omstandighede waaronder en persoon aan wie en dus wyse waarop dit meegedeel word" [23]. Heyns verkies om in hierdie verband van 'n „krisiswaarheid" te praat [24].

Durand het ook in hierdie verband behartigenswaardige opmerkinge gemaak — maar toegespits op 'n terminale situasie. Hy onderskei skerp tussen 'n *korrekte* uitspraak en 'n *waarheids*uitspraak. *„'n Korrekte uitspraak word eers tot waarheid wanneer die werklikheid waaroor die uitspraak gaan, homself volledig toon sodat al die verbande waarbinne die korrekte uitspraak gedoen is, sigbaar word"* [25]. Daarby besit die waarheid ook 'n eskatologiese dimensie. „Ontbloting van die sondige werklikheid, naarheid en barheid wat *nie rekening hou met die transformerende krag van God se verlossingwaarheid nie,* wat ontbloot ter wille van die ontbloting, is nie meer die waarheid nie" [26].

Uit hierdie ietwat lank ekskurs is baie duidelik hoedat die skrywers probeer wegkom van die Griekse waarheidsdenke wat so 'n geweldige invloed op ons Christelike denke uitoefen. Die oplossinge is egter nie eenstemmig nie. Maar of daar nou van 'n noodleun (Velema), noodwaarheid (Volten) of krisiswaarheid (Heyns) gepraat word, die kern van die saak bly m.i. dieselfde. Dit is selfs 'n groot vraag of hierdie tiperinge nie nog onder invloed van die Griekse denke staan nie.

Ons doen wins om te onderskei tussen 'n korrekte en waarheidsuitspraak. In die waarheid gaan dit nooit om die deurgee van feite sonder meer, losgemaak van die liefde tot God en die liefde tot die naaste, losgemaak van wat goed en reg is nie. Ek kan feitelike korrekte gegewens oor my naaste sê en skryf, ek kan ou koeie uit die sloot grawe, waardeur ek hom in die grond kan boor en sy hele toekoms ruïneer. Maar dan dien ek nie meer die waarheid nie. In hierdie verband moet die Christelike etiek egter baie duidelik onderskei word van die kommunisties-marxistiese etiek waar die doel die middel heilig en waar aanvaar word dat alles wat die saak van die Kommunisme dien en bevorder, moreel aanvaar en goed is [27].

*Bybelse notas*

In die Heilige Skrif is daar talle voorbeelde waar sprake is van goeie getuienis.

In die Ou Testament is daar die ligtende voorbeelde van Josef en Daniël op wie se werks-, kerk- en sekslewe niks negatief aangemerk kon word nie (Gen. 39, 41; Dan. 6 : 4—5). Ons kan selfs sê dat in 'n sekere sin is die ganse Heilige Skrif een groot getuigskrif aangaande die lewens van duisende mense.

In die Nuwe Testament verneem ons dat Johannes die Doper die waarheid getuig (Joh. 5 : 33). Jesus sê aan Pilatus dat Hy oor die waarheid moet getuienis aflê (Joh. 18 : 37). In Rom. 10 : 2 getuig Paulus negatief van die Joodse volk, nl. dat hulle vol ywer is maar sonder die regte insig. In Gal. 4 : 15 getuig Paulus weer gunstig van die hulpvaardigheid van die gelowiges. In Kol. 4 : 12—13 word 'n pragtige getuigskrif i.v.m. Epafras gegee. Van Henog word getuig dat hy geleef het soos God wou (Hebr. 11 : 5).

Uit hierdie enkele voorbeelde blyk dit duidelik dat die saak van getuienis in die Bybel in heilshistoriese verbande voorkom. Die konteks is in meeste gevalle wel die van lidmaat-gemeente en nie die van werknemer-werkgewer nie. Die saak waarom dit gaan, is egter duidelik. Die getuienis raak die waarheid aangaande 'n persoon binne die raamwerk van die kerk en Koninkryk. Nêrens gaan dit om 'n neutrale mededeling van feite sonder meer nie. moeilik oor waarheid gepraat word. Hy is tog uitdrukking daarvan dat die Here God getrou gebly het aan Sy vaste en betroubare woord

Buite Jesus Christus om, dié waarheid (Joh. 14 : 6), kan immers moeilik oor waarheid gepraat word. Hy is tog uitdrukking daarvan dat die Here God getrou gebly het aan Sy vaste en betroubare woord nl. om die wêreld te verlos uit sy sondeval, gebrokenheid en leuenagtigheid (Joh. 8 : 44). Daar word gesê dat die genade en waarheid met Hóm gekom het (Jos. 1 : 17). Sonderling is die verbinding van waarheid en genade (ook Joh. 1 : 14). Waarheid gaan nie saam met ongenade of ongenaakbaarheid nie [28]. Paulus skryf ook dat ons *in liefde* die waarheid sal betrag (Efes. 4 : 15). Dit is ook opvallend dat die *naaste* in hierdie gebod so pertinent genoem word.

Hierdie selfde Jesus het ook belowe om Sy Gees te stuur om in Sy navolgers te woon en hulle in die hele waarheid te lei (Joh. 16 : 13).

*Getuigskrifte*

Toegepas op ons probleem van waarheid in getuigskrifte, beteken dit die volgende:

1. Ons mag nie iets sê of skryf wat die werkgewer en sy saak kan skaad nie.
2. Ons mag nie iets sê wat die aansoeker onnodig kan benadeel nie.
3. Ons moet in alle gevalle deeglik rekening hou met die besondere situasie van die aansoeker en werkgewer.
4. Ons moet daarop ingestel wees om die welsyn van alle betrokkenes so ver moontlik te dien.

5. Ons mag niks sê of doen wat die Koninkryk van God skade kan berokken nie.

*Voordrag tydens byeenkoms van predikante betrokke by Studentepastoraat, Potchefstroom, 15 September 1980.*

---

VOETNOTAS

1a Tydens die diskussie het dr. C. J. Malan op 'n derde metode gewys nl. die vraagbriefvorm.

1 Vgl slegs *Handbuch der christlichen Ethik* II, Gütersloher Berlagshaus Gerd Mohn 1978, 110—112; C. J. H. Venter, *By die sterfbed*, Potchefstroom 1972, 165—172; W. H. Velema, *Rondom het levenseinde. Ethische en pastorale overwegingen*, Kampen 1971, 51—57; H. C. Piper, *Gesprekken met stervenden. Een pastorale aanpak*, Amsterdam 1979; J. J F. Durand, *Waarheid en leuen in 'n terminale situasie — 'n dogmaties-etiese besinning* in: *Woord en Wetenskap* (Gedenkbundel aan prof. dr. F. J. M. Potgieter), V.C.H.O. Bloemfontein 1977, 73—80.

2 Dietrich Bonhoeffer, *Ethik*, München 1966, 385—395 („Was heisst: Die W-ahr heit sagen?". Vgl ook Jan Milic Lochman, *Wegweisung der Freiheit. Abriss der Ethik in der Perspektive des Dekalogs*, Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn 1979, 137—141 en by N. H Soe, *Christliche Ethik*, München 1965 (3), 260—270.

3 Bulmann in: *Theological Dictionary of the New Testament* I(vgl 232—251).

4 B. Holwerda, De Dingen die ons van God geschonken zijn, Goes 1975 (2), 655—666.

5 H. Volten in: *De thora in de Thora II*, Franeker 2e druk, 130—166.

6 W. H. Velema, *Leer ermee te leven!*, Kampen 1973, 63—74.

7 J. A. Heyns, *De nuwe mens onderweg. Oor die Tien Gebooie*, Tafelberg 1970, 227—237.

8 J. J. F. Durand, aa in *Woord en Wetenskap* aw, 73—80

(9 Holwerda aw 655—666. Ons moet goed onthou dat hierdie preek in 1943 gedurende die Tweede Wêreldoorlog gelewer is.

10 Holwerda aw 659.

11 Idem 660.

12 Idem 662.

13 Idem 663.

14 Idem 663v. Eweneens Volten aw 136c en J. L. Koole, *De Tien Geboden*, Baarn 1964, 135v. Vgl W. Geesink, *Gereformeerde Ethiek* I, Kampen 1931, 441

15 Volten a m 130—166.

16 Idem 139.

17 Idem 142. Ook E. L. Smelik beweer: „De ‚onwaarheid', eig. onjuistheid, kan dan bewust in dienst komen van de echte Waarheid" *(De ethiek in de verkondiging*, Nijkerk 1967 (3), 169).

18 Volten aw 165.

19 Velema, *Leer ermee te leven! aw 63—74.*

20 Idem 69.

21 Idem 72—73. Hanteer Velema nie soms die Griekse waarheidsbegrip nie? Vgl Geesink hier oor die noodleuen, 439—441, en sy bewering dat die waarheid wel soms verswyg en verberg mag word, 441, 443. P. W. Buys

attendeer op *Die botsing van pligte as etiese vraagstuk*, Potchefstroom 1976 Mens kan hier myns insiens dink aan 'n voorbeeld ult die verkeer: 'n ambulans wat met 'n siek pasiënt 'n rooilig oorsteek, iets wat normaalweg tot choas sou lei.

22 Heuns aw 232.

23 Idem 235.

24 Idem 234. D. Viljoen sluit hierby aan, *„Hoe lief het ek U Wet!"*, Elsiesrivier Kaap 1976, 219.

25 Durand aw 75.

26 Idem 78.

27 Lochman aw 104—141.

28 Vgl hier o.a. F. J. Raddatz, *Karl Marx. Een politieke biografie*, Baarn 1976, 94, 105, 139, 205, 251, 281; P. S Dreyer, *Hoofstrominge van Sedeleer*, Kaapstad 1979, 57—58 asook J. Snyman, *Die etiek van die Neo-Marxisme*, Potchefstraam 1980.